

20 April

Romeine 8:18-25

(Teks: 8:24)

Gered... en nou vol hoop

Hoe die pad vir jou vorentoe lyk, hang baie daarvan af waar jy vandag staan... wat jou situasie vandag is.

As Moses byvoorbeeld vir die Israeliete probeer moed inpraat het terwyl hulle nog slawe in Egipte was, sou dit maar moeilik gegaan het. Agter hulle het immers 430 jaar se slawerny gelê. Die een farao na die ander het hulle gedryf en verkneg. Voor hulle oë het die magtige leër van die farao opgedoem. Die volk was sonder moed en sonder hoop.

Toe het die volk egter die een wonder na die ander gesien wat God doen, veral hoe die Here hulle telkens gespaar en net die Egiptenare getref het, het hulle begin moed kry. Ja, tóe kon Moses begin praat van verlossing en hoop! Nou verander die situasie immers totaal! Veel meer nog net die hoop van die Israeliete opgevlam toe hulle sien hoe die farao en sy leër deur die Rooisee verswelg word. Geen wonder dat die vroue sommer begin sing en dans het voor God se aangesig, met Mirjam (Moses se suster) vooraan.

Eeue later skryf Paulus aan die Romeine:

"Ons is immers gered, en nou het ons hierdie hoop".

Hoe vergelyk ons verlossing met dié van Israel by die Rooisee? Ons is verlos van ons groot vyande: die ewige dood, Satan, ons eie vlees. Voor ons lê dit wat God aan ons in Christus en die Gees wil gee. Daarom leef 'n Christen 'n lewe vol hoop. Wees daarom bly en verheug in die Here!

Sing Psalm 66:6

Dr. N.P. Heystek (Wapadrant)